

“Action is the foundational key to all success” Pablo Picasso

ONDOELTREFFENDE LOGISTIEK

Die CGA het verlede week die verslag vrygestel van 'n onafhanklike studie deur die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) wat bevind het dat die gekombineerde direkte en indirekte koste van ondoeltreffende logistiek vir die sitrusbedryf 'n verbysterende R5,27 miljard in die 2024-seisoen alleen was. Dit verteenwoordig 'n aftakelende verlies aan buitelandse inkomste vir die land, en 'n terugslag om werksgeleenthede te skep wat broodnodig is. Gerrit van der Merwe, voorsitter van die CGA en 'n produsent in Citrusdal, het gesê dat die kwantifisering van die skade 'n belangrike eerste stap is en dat Suid-Afrika in 'n sekere sin gewoonnd geraak het aan die vernietiging van waarde wat oor die laaste paar jaar op 'n mindere of meerdere skaal gebeur het. Hy het verder gegaan en die mening uitgespreek dat die produsente en hul landelike gemeenskappe wat die impak direk voel, ongelooflik gefrustreerd is. Die CGA het gehoop dat hulle met die vrystelling van hierdie verslag die Minister van Finansies, Enoch Godongwana, sal voorsien van meer bewyse van die negatiewe impak wat ondoeltreffende logistiek op die ekonomie het, wat hom hopelik sal lei om Suid-Afrika se logistieke krisis in die komende begrotingsrede te prioritiseer. Die begrotingsrede is sedertdien uitgestel na 12 Maart 2025 en die CGA sien uit daarna om te sien hoe die Minister gaan reageer op die oproep wat die President gemaak het om die krisis by sleutel-SOE's aan te spreek.


DIE VIERING VAN UITSTEKENDE NAVORSING

Verlede week het die CGA-direkteure hul Raadsvergadering in Nelspruit gehou, wat hulle in staat gestel het om saam met bedryfsleiers, sitrusnavorsers en genooide gaste te besin oor 50 jaar van uitnemendheid in sitrusnavorsing. Dit was net meer as vyftig jaar gelede dat Dennis Solomon 'n stuk grond geskenk het waarop die huidige navorsingsfasiliteite in Nelspruit opgerig is. Die grondslag van uitnemendheid in sitrusnavorsing kan teruggevoer word na 1927 toe die Suid-Afrikaanse Sitrus Koöperatiewe Sitrusbeurs (SACCE) die eerste deelydse tegniese adviseur in die bedryf aangestel het. In 1949 is die Sitrusnavorsingskomitee gestig om sitrusnavorsing te koördineer. Die eerste poste vir sitrus navorsers is in 1953 geskep en die eerste navorsers is by die Sitrus- en Subtropiese Vruchte Navorsingsinstituut gehuisves – nou bekend as LNR Tropiese en Subtropiese Gewasse. In 1973 het SACCE die bedryf se eie navorsingsentrum – die Outspan Sitrusentrum (OCC) – gebou, en die Suid-Afrikaanse Sitrusverbeteringskema van stapel gestuur. Die versindheid van bedryfsleiers van destyds het verseker dat Suider-Afrika se sitrusbedryf op die grondslag van gesonde wetenskap en gesonde bome gebou is. In 2001 is die navorsing en tegniese bedrywighede van OCC vanaf Capespan na Citrus Research International oorgeplaas, en in 2002 het die bedrywighede van die Outspan Grondvesblok gevolg, met die fasiliteite wat na die Sitrusnavorsingsentrum (CRC) en die Sitrusgrondvesblok herdoop is. In 2018 is die bedryf se eienaarskap van hierdie fasiliteite verseker toe Capespan die eiendom aan die Sitrusnavorsingstrust verkoop het.

Gaste by die viering van 50 jaar van uitnemendheid in sitrusnavorsing het teruggedink aan die verlede, met MC Pretorius wat die geleentheid gelei het, en toesprake van Vaughan Hattingh, Marc Solomon, Kallie Schoeman, Piet Smit, Gerrit van der Merwe, Paul Fourie, Louis von Broembsen, Jock Danckwerts, Abraham van Rooyen en Thys du Toit, wat ons herinner het aan diegene wat al die boustene in plek gesit het.

Spesiale vermelding moet gemaak word van diegene wat vanaf 1974 tot 2024 vir die Sitrusnavorsingsentrum verantwoordelik was: Doug Stanton (1974-1984); Louis von Broembsen (1984-1987); Etienne Rabe (1987-1992); Malvern Georgala (1992-1994); John Bower (1994-1999); Vaughan Hattingh (1999-2001) en Tim Grout (2001-2024).

‘N TERUGBLIK OOR DIE LAASTE KWART-EEU



Om die wêreld se voorste sitrusnavorsers in diens te neem en hulle die beste toerusting te gee om hul werk te doen, verg 'n aansienlike belegging.

Sedert 2000 het produsente byna R1,2 miljard in navorsing belê. Begin in 2000 met net R6,5 miljoen per jaar. In 2021 het produsente 'n progressiewe en ingeligte besluit geneem om die jaarlikse navorsingsbesteding te verdriedubbel.